

Getuies in Jerusalem (1:1-8:4)		Getuies in Juda en Samaria (8:5-12)	Getuies tot die uithoeke van die aarde (13-28)	
2-5 jaar (33-35 nC)		13 jaar (35 -48 nC)	14 jaar (48-62 nC)	
Petrus onder die Jode		Filipus onder die Samaritane	Paulus onder die heidene	
1:1 Krag van die kerk	3:1 Groei van die kerk	8:5 Uitbreiding van die kerk	13:1 Paulus se drie sendingreise	21:17 Paulus se verhore

Dag	Dag se brood	Meer heuning	Handelinge is die tweede deel van Lukas se verhaal oor die geskiedenis van die vroeë Christendom. Al twee sy boeke is aan Teofilus gerig. Die boek Lukas handel oor wat Jesus gedoen en geleer het terwyl Handelinge handel oor die voortsetting van die werk deur die manne wat Jesus as apostels uitgekies het. Elkeen van die boeke dek ongeveer 30 jaar en so word die geskiedenis van die eerste sestig jaar van die Christendom beskryf.	
Ma	Hand 1:1-8, 2:1-4	Hand 1-2	<p>In Handelinge 2 sien ons dat die krag van die Heilige Gees af gekom het en dat hulle dan in die res van die boek die evangelie in wyer wordende kringe (Jeusalem, Judea, Samaria, tot die uithoeke van die wêreld) moes versprei.</p>	<p>Preke in Handelinge (Hand 2:16ev; 3:11ev; 7:1ev; 10:34ev; 13:16ev; 17:23ev). Amper 'n vyfde van die boek bevat preke van Petrus, Stefanus en Paulus. Dieselfde raamwerk kom by al drie voor:</p> <ul style="list-style-type: none"> - Die beloftes van die Ou Testament is nou vervul. - Die Messias het nou gekom – Jesus van Nasaret. Hy het magtige dade gedoen der die krag van God. Hy is gekruisig volgens God se plan, is opgewek en regeer nou deur die krag van God. Hy sal weer kom om te oordeel en alles te herstel na die wil van God. - Almal wat hoor, moet hulle bekeer en moet gedoop word.
Di	Hand 4:23-31	Hand 3-4, 7		
Wo	Hand 8:26-40	Hand 8-9		
Do	Hand 10:34-48	Hand 10-12		
Vry	Hand 16:11-40	Hand 14-16		
Sat	Hand 20:17-38	Hand 18-20		
Son	Hand 28:23-31	Hand 26-28		

Memoriseervers:

Maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees ... (Hand 1:8)

Evangelies	Evangelie versprei	Verlossings leer	Briewe uit gevangenis	Opvolger riglyne	Kerk en lyding	Kerk en dwaalleer	Wederkoms	Die einde
------------	--------------------	------------------	-----------------------	------------------	----------------	-------------------	-----------	-----------

Handelinge

Die Heilige Gees is op hul uitgestort
en drie duisend het gelowig geword.

Die evangelie is versprei in wyer wordende kring
Eers in Jerusalem is die evangelie gebring.

Daarna in Judea,
toe na Samaria.

Later na die uithoeke van die aarde.
‘n Boodskap van ontsagbare waarde:

‘n Seun is in ‘n krip gebore -
daarom gaan jý nie verlore,
want Hy het vir jou gesterf,
sodat jy die ewige lewe kan erf!

Handelinge: Die Heilige Gees

Voor enige iets nog kon begin leef
het die Gees al oor die waters gesweef (Gen 1:2)

Die Heilige Gees en Jesus

In die evangelie van Lukas kan jy lees
Dat Hy in Maria verwek is deur die Gees (Luk 1:35)
By Jesus se doop word daar verhaal
dat die Gees soos ‘n duif op Hom daal. (Luk 3:21,22).
Jesus wat wel gedood is na die vlees,
is lewend gemaak deur die Gees. (I Pet 3:18).

Ek sal tot die Vader bid
dan sy Hy ‘n Trooster by jul sit. (Joh 14:16; 16:7)
Hy sal julle dan elke keer
herinner wat Ek jul nou leer (Joh 14:26)

Die uitstorting van die Gees (Hand 2):

Julle sal krag ontvang as die Gees oor julle kom
tot My boodskap in die uithoeke van die wêreld kom. (Hand 1:8)

Met die Pinksterfees was almal bymekaar
‘n Stormwind vul die vertrek toe daar.
‘n Vuur wat in tonge verdeel,
het oor hulle koppe gespeel.
Geesvervullend is niemand dieselfde gelaat.
Almal het in verskillende tale begin praat.

Julle moet dit so vertolk:
Bloed en vuur en wolk,
is tekens wat mens in Jesaja lees,
tydens die uitstoring van die Gees.

Die Heilige Gees en jy.

As kind is jy gebore in die vlees
Jy word weer gebore deur die Gees. (Joh 3:3-8).

Die Gees deursoek vir jou elke ding
en sal jou God se geheimenisse bring (I Kor 2:10,11).
Die Gees sal jou in die waarheid lei
en so sal jy die toekomsboodskap kry. (Joh 16:13).

As jy glo en met God se dinge stoei:
Lewende water sal uit jou binneste vloei (Jes 58:11).
Jou lewe moet nou anders wees,
want dis die tempel van die Gees. (I Kor 6:19,20).
Die nege vrugte van die Gees,
moet in jou lewe sigbaar wees. (Gal 5:22).

Die Heilige Gees het vir jou gawes gegee,
tot nut van ander - wat maak jý daarmee? (I Kor 12:4,7).